**Vrydag 10 Februarie**
**Skrifgedeelte: Eksodus 24:1-18; Openbaring 4:1 ev**
**Fokusgedeelte: Genesis 9:12, 13**
**God Self sluit 'n verbond met sy volk – Hy verskyn sigbaar aan die verteenwoordigers van die volk – en hulle mag bly lewe!**
Dit bly 'n wonder dat die almagtige God Hom aan sondige en nietige mense in sy verbond verbind.
Hy doen dit Self. Dit is regtig Hy. Die leiers van die volk Israel het Hom tydens die verbondsluitingseremonie gesien. Hulle het in sy teenwoordigheid die verbondsmaaltyd genuttig. En hulle mog bly lewe.
Weliswaar was die sien van God net gedeeltelik. Geen mens kan God immers in sy volle glorie sien en bly lewe nie. Net soos wat jy nie in die son kan inkyk en nie blind word nie, net so kan jy nie die heerlikheid van God sien en bly lewe nie.
Aan die verteenwoordigers van die volk word die genadegeleentheid gegee om iets van die heerlikheid van die Here te sien en tog nie deur die hand van die Here getref te word nie. Die leiers sien eintlik net die voete van die Here. Daar waar Hy by wyse van spreke sy voete op die aarde neersit – daar is dit al oorweldigend heerlik. Soos saffierstene en blou soos die hemel self. En tog mog hulle bly lewe.
Later sou God Hom in sy Seun aan sy mense bekendmaak. Sy heerlikheid sou in Jesus sigbaar word. Op grond van die verlossing van Jesus Christus verbind Hy Homself aan mense. En hulle mag bly lewe.
Wanneer Johannes in sy openbaring vir God en die Lam op die troon sien sit, dan is die 24 ouderlinge as verteenwoordigers van die Ou- en Nuwe-Testamentiese kerk daar. Hulle sien Hom en aanbid Hom. En hulle bly lewe.
Laat ons geen twyfel daaroor hê dat die Almagtige God Self met ons in verhouding tree nie. Laat ons nooit ophou om ons te verwonder dat die Almagtige God Hom in Jesus Christus aan ons vasmaak nie – en dat ons mag bly lewe.
*Sing: Skrifberyming 2-4:1, 2*
*Ds. HS Coetzee (Fanie) (Potchefstroom Die Bult)*